**6 September 2020 (Erediens)**

**Oomblik van Stilte**

- Lied 163 – Soos ‘n Wildsbok (Speel)

**Votum en Seën**

**Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!**

**Lofsang**

- Lied 464 – O Heer My God
- Dieselfde Krag - Retief Burger

**Teks: Rigters 13-16**

**Tema: Krag**

**Inleiding:**

Ons kyk vandag na die Rigter, Simson.

- Sy lewe begin as hierdie wondergeboorte- ons lees sy ma was kinderloos.
- Hierdie kind is gebore om eenkant gesit vir God te wees en te lewe- hy was van geboorte tot met sy dood aan God gewy.
- God se plan lees ons was om sy volk deur hierdie seun Simson te begin verlos.

Die seun wat so baie ontvang het en van wie God en mens sekerlik so baie verwag het. Ons lees dat as hierdie seun groot word, die Here hom seën en dat die Gees van die Here hom lei.

Spoedig word dit ook duidelik dat Simson ook nie die fisiese krag van ´n gewone mens het nie. Hy het bonatuurlike krag.

- Ons lees in hoofstuk 14 hy maak ´ n leeu dood, letterlik skeur hy dit uitmekaar.
- Aan die einde van hoofstuk 14 slaan hy dertig Filistynse mans dood en vat hulle klere omdat hy ´n weddenskap verloor het.
- Daarna vang hy drie honderd jakkalse, maak fakkels aan hul sterte vas en steek daarmee die Filistyne se lande aan die brand.
- Later slaan hy ´n duisend Filistyne met die kakebeen van ´n donkie dood.

- Ons lees aan die begin van hoofstuk 16 dat hy die deure van die stadspoort van Gasa uit sy kosyne ruk en wegdra.

Bonatuurlike roeping en bonatuurlike krag.

Die hartseer van Simson en wat ons so van hom frustreer is dat hy uiterlik so sterk is, maar innerlik so swak.

Watter mens in die Bybel het harder teen sy roeping baklei as juis Simson.

Hy was totaal selfgerig en selfgesentreerd. Dit gaan alles net oor hom…

Mense wat selfgerig en selfgesentreerd is, maak gewoonlik baie swak keuses in terme van verhoudings. Ons sien dit in Simson se verhouding met Delila.

In Delila kry Simson iemand wat net so selfgerig soos hy is- sy op ´n manier lief vir Simson hy is mos die sterkste man.

Maar Delila is veel liewer vir geld. En sy verraai vir Simson. En die held met die spesiale roeping en bonatuurlike krag word die Filistyne se grootste party trick. Hy is die vermaak van die oomblik.

Hy doen die werk wat donkies en osse gedoen het- draai die meul wat die koring en mielies maal. Hy is blind en ons lees toe sy hare afgeskeer het, het God hom boonop verlaat.

- Wie kan verder val as dit?
- Wat kan ons leer uit Simson se verhaal en uit sy lewe?

Simson leer ons wie jy van binne is, is belangriker as wie jy aan die buitekant is:

Simson se storie waarsku ons oor die uiterlike en waarvandaan ons krag kom. Simson het sy identiteit gevind in sy krag en sy spiere. In die feit dat hy vir niemand bang was nie, maar almal vir hom.

- So Waarin moes Simson sy identiteit gevind het?

Simson moes sy identiteit gevind het in die roeping wat die Here vir hom gegee het en sy krag gekry het in die God wat hom geroep het. Of bid jy ook maar soos Simson net wanneer dit moeilike gaan.

Simson het vergeet waar sy krag vandaan kom:

- Simson het een kritieke fout gemaak: hy het so lank met hierdie buitengewone krag geloop wat die Here hom gegee het, dat hy begin dink het hierdie krag is syne.
- Hy is eintlik in beheer van daardie krag.
- Hy begin spog met hierdie krag van hom
- En na dae se kerm vertel Simson vir Delila die geheim- skeer my hare af.

Hy is so arrogant dat hy glo al is sy hare geskeer gaan hy nog steeds as oorwinnaar uitstap: Vers 20: Ek sal weer uitstap soos die vorige kere en my losruk.

Ek weet wat ek kan doen dink Simson- selfs sonder hare sal ek julle oorwin. En op daardie oomblik val die held.

**Dan sien ons iets besonders van Simson raak. Die oomblik wanneer hy val en nie weet wat om te doen nie staan hy op sy kniee en in die tronk bid Hy tot God!**

- Sy gebed is een van berou- maak my nog net een keer sterk Here.
- Daarmee erken hy dat sy bonatuurlike krag van God af kom en nie van hom af nie.
- Deur die Here aan te roep plaas hy homself in lewe en in sterwe in God se hande.
- Louie Giglio sê dat jou terugkeer, jou comeback begin as jy erken: I am not enough. Ek alleen maak dit nie.
- Dis toe Simson begin bid het.
- Al is sy gebed nog selfsugtig- ek soek hierdie krag nog een keer sodat ek kan wraak neem vir my oë wat ek verloor het.

Die belangrikste gedagte oor Simson se krag is dat hoe swakker hy geword het, hoe sterker het hy geword. Want toe kon hy sy eie broosheid en magteloosheid raaksien en tot God bid vir die krag.

Daarom skryf Paulus ook in 2 Korintiërs 12: As ek swak is, is ek sterk. Want as ek swak is, is ek afhanklik. Dan weet ek hoe nodig ek die Here se krag en genade het. En dat ek niks daarsonder is nie.

Ons maak soms dieselfde fout as Simson- ek het self bereik wat ek bereik het, self verkry wat ek verkry het. Ek het mos hard daarvoor gewerk.

Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gegee het om die rykdom te verwerf.

Of dit gaan oor krag of jou voorkoms, of jou invloed oor mense, of oor jou besittings, of oor wat jy bereik in die lewe, of oor geld, of oor jou gawes- dit kom alles van God af. Moet dit nie soos Simson vergeet nie.

- **God het nooit vir Simson verlaat nie: God sal soms toelaat dat ons in die donkerste put afval, maar Hy sal ons nooit daar los nie.**
- God het nie vir Simson op die ou end werklik verlaat nie, daarom moet ek en jy weet dat Hy ons nooit sal verlaat nie.
- Dit is wat by ons doop aan ons belowe word:
- Jy is gedoop in My Naam sê die Here.
- Ek het My aan jou verbind sê die Here.
- Jy het nou hierdie spesiale roeping net soos Simson.
- My krag gaan in jou lewe werk net soos wat dit in Simson se lewe gewerk het.
- Al gaan jy dalk nie stadspoorte wegdra nie.
- Die teken dat God nooit vir Simson verlaat het nie, sien ons in die feit dat daar in die tronk sy hare begin groei het.
- God gee die deurbraak in die donkerste uur in Simson se lewe. En in sy dood het Simson meer Filistyne doodgemaak as in sy lewe.

Saam met die feit dat God nooit vir Simson verlaat het nie, moet ons ook hoor dat God mense met foute en mense wat struikel gebruik in Sy planne.

Ons sien Sy oneindige geduld en genade met Simson. God neem hom weer terug. God werk steeds tot aan die einde deur hierdie man wie se belowende loopbaan as rigter en leier vernietig is deur persoonlike swakhede.

God het dieselfde hardkoppige en volhardende liefde en geduld met jou en my. Simson se lewe wys vir ons na Jesus toe:

Daar is soveel ooreenkomste tussen Simson en Jesus.

- Albei het hierdie wondergeboortes gehad. Simson se ma kon nie kinders kry nie en Maria het nog geen omgang met enige man gehad nie.

- Albei het baie duidelik hierdie spesiale roeping van God. Albei se roeping het te make met die bevryding van die volk of die mensdom. Soos Simson se volksgenote hom oorgelewer het aan die Filistyne, is Jesus ook oorgelewer deur sy eie volksgenote aan die Romeine.
- Albei is verraai deur mense baie naby aan hulle- Delila en Judas.
- Albei is verneder en bespot in hulle laaste ure.
- Albei het gewillig gesterf.

Wat is die verskille tussen Simson en Jesus?

- Simson was skuldig- hy het deur ongehoorsaamheid aan God en sy roeping blind in die tronk beland.
- Jesus was onskuldig.
- Simson maak dood,
- Jesus bring lewe.
- Oral waar Simson gaan, is daar dooie liggame.
- Al liggaam wat Jesus agtergelaat is die liggaam van Christus, die kerk, wat vir mense hoop moet bring.
- Simson sterf om wraak te neem.
- Jesus sterf sodat ons vrygespreek kan word.
- Simson word begrawe en bly in die graf.
- Jesus word begrawe en staan op.

Daarom kan ons glo dat God ons sal dra en ons sal gebruik en dat daar hoop is. Want ons dien hierdie opgestane Here en oral waar Hy by ons is, is Sy krag ook by ons. Agter die uiterlike stryd, was ´n geestelike stryd:

Ons mag dalk dink as ons hierdie verhaal van Simson bloot oppervlakkig lees, dat dit gaan om die fisiese stryd tussen die rigter Simson en die Filistyne. Dit gaan egter oor baie meer.

Dit gaan oor die stryd veral tussen die God van Israel en die god Dagon van die Filistyne. Daarom speel die laaste episode van Simson se lewe af juis by die fees wat die Filistyne by die tempel van Dagon hou tot hul afgod se eer.

Hulle begin die fees met lofbetuigings: Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee. Daaragter is ook die gedagte- die god van die Filistyne is sterker as die God van Simson.

Die Filistyne dink Dagon is nou in beheer van wat met Simson gebeur het en van waar hy hom nou bevind. Maar die Here gee aan Simson die krag om te wys dat Hy (Die Lewende God) in beheer is en nie Dagon nie.

**Hy plaas Simson juis daar om maksimum skade aan te rig in die hart van die Filistyne se godsdiens.**

- En die tempel stort onder 3000 Filistyne ineen.
- So, begin die Here om deur Simson Sy volk te verlos.

Al dink jy ook Hy het jou verlaat, spreekwoordelik het jou hare klaar weer begin groei.

Die lewende Here en SY krag is en bly by jou betrokke, al sien jy net moedeloosheid en stukkendheid en net geen pad vorentoe nie.

**<u>Slot:</u>**

Weet jy, het jy weer vandag gehoor waar ware krag vandaan kom? Dit kom van God en nie van jou en my nie. Ek hoor maar weer 2 Korintiërs 4:7: Ons wat hierdie skat in ons het is maar kleipotte wat maklik breek. Die krag wat alles oortref kom dus van God, nie van ons nie.

God soek nie dat jy hierdie magtige Christen word wat nie vir die duiwel skrik nie en bestand lyk teen enige vorm van versoeking nie.

Hy soek dat ek en jy afhanklik van Hom sal leer leef. Want as ons swak is, afhanklik is, is ons sterk. Amen

**Slotlied:**

- Lied 582 - Bly by my Heer

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee".